# St. Mattias die Apostel

## 14 Mei




(1ste eeu)

Ons lees in die Handelinge van die Apostels (1:15-26) hoe die dissipels ná Christus se Hemelvaart besluit het om iemand aan te stel om die plek van Judas Iskariot in te neem: *“Laat ’n ander sy amp as opsiener oorneem”*. Daar was twee kandidate: Barsabbas en Mattias. *“Daarop het hulle soos volg gebid: ‘U, Here, wat almal se harte ken, wys U uit hierdie twee die een aan wat U gekies het om die taak van hierdie diens van apostel oor te neem, waarvan Judas afvallig geraak het...’ Toe het hulle geloot en die lot het op Mattias geval. Hy is daarop by die elftal apostels gevoeg.”* Volgens oorlewering het hy die Evangelie in Judea en in Kappadosië tot aan die oewers van die Kaspiese See gaan verkondig. Daar bestaan ’n tradisie dat hy in Jerusalem die marteldood gesterf het. Later is sy relieke deur keiserin Helena oorgebring na Trier in Duitsland, waar dit vandag nog bewaar word.

© Die Oratorium Uitgewery